Dinsdag **15 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7**

**Fokusgedeelte: Jesaja 43:4**

**Die HERE verlos sy volk**

In ons teksgedeelte lees ons van die HERE wat deur sy profeet met sy volk praat. Dit gebeur te midde van die ballingskap waarin die volk weggevoer is weens hulle ontrouheid aan die verbond. Want in die boek Jesaja lees ons dat Jesaja deurlopend, soos baie van die ware profete van sy tyd, waarsku dat as die volk nie bekeer nie, dan gaan die Here die vloeke wat aan die verbond gekoppel is, oor hulle bring. Hierdie vloek het daarop uitgeloop dat Israel en Juda later in ballingskap weggevoer is waaruit Israel nooit teruggekeer het nie en slegs ’n deel van Juda teruggekeer het.

Hier lees ons egter dat die profeet ’n boodskap van troos aan ’n gebroke volk bring. Die volk het hoop omdat die HERE hulle liefhet. Hier belowe die HERE aan die volk herstel, nie omdat hulle so besonders is nie, maar omdat Hy vir hulle omgee.

Die gedeelte het ’n besonderse literêre styl, wat genoem word ’n *inclusio*. In hierdie styl hou die teenoorstaande sinne met mekaar verband en word die middelpunt beklemtoon. Met ander woorde, vers 1 en vers 7 gaan beide oor die HERE wat die volk geskape het, vers 2 en 6 handel oor die HERE se beskerming en vers 3 en 5 gaan oor die HERE wat Sy volk sverlos en versamel.

Die kern van die gedeelte is vers 4. Die volk is vir die HERE kosbaar en Hy het hulle lief. Daarom gee Hy mense in die volk se plek en volke vir hulle lewe. Die HERE verlos sy volk, nie omdat hulle getrou was aan Hom nie (inteendeel), maar omdat Hy hulle liefhet.

So is dit ook met die HERE se volk in die Nuwe Testament. Deur Jesus Christus word ons deel van sy volk en word ons ook verlos en beskerm. Daarom leef ons elke dag lewens in gehoorsaamheid aan God.

*Sing: Psalm 146-1:1, 8*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*